Jesus maak die storm stil

Lees Markus 4:35-41 en antwoord dan hierdie vrae:

1. Wat het gebeur toe Jesus en die dissipels in die skuit was?
2. Wat het Jesus gedoen tydens die storm?
3. Hoe het die dissipels gereageer in die storm?
4. Wat het Jesus vir die storm gesê?
5. Hoe het hulle gevoel toe die storm verby is?
6. Wat kan ons doen as ons bekommerd of bang is?
7. Wanneer kan ons Jesus vertrou om ons te help?

Memoriseer 1 Petrus 5:7 sodat jy sal onthou dat die Here altyd vir jou sorg!

"Werp al julle bekommernisse
op Hom,
want Hy sorg vir julle."

ANTWOORDE:

1. Daar het 'n groot storm gekom. 2. Hy het geslaap. 3. Hulle was baie bang en het Jesus wakker gemaak. 4. Lees Markus 4:39. "Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: 'Hou op! Bedaar!'" 5. Hulle was verbaas en opgewonde. 6. Vertel Jesus waaroor jy bekommerd is. 7. Ons kan enige tyd en altyd met Jesus praat.